



	BELEID GRONDWET REGLEMENT	NOORD-GAUTENG STOEI
---	--------------------------------------	--------------------------------

Titel:	MEDIESE KOMITEE REGLEMENT: BYLAE VI	Identifikasie:	G/100-06
		Revisie:	0
		Volgende hersien datum:	Oktober 2014
		Klaifikasie:	Algemeen
Toepassing:	Hierdie dokument het betrekking op die Mediese Komitee en individue wat as mediese beamptes van Noord-Gauteng Stoei en geafilieerde klubs geag word, asook alle individue wat by Noord-Gauteng Stoei geregistreer is.		
Goedkeuring:	Algemene Bestuurs- vergadering	Datum:	21 September 2011

Kontroleer:	Magtiging:
	
.....
M. Odendaal Sekretaris	JC. Reitz President
Datum: <u>7/11/2011</u>	Datum: <u>7/11/2011</u>

Algemeen

INHOUD

ITEM	TITEL	BLADSY
	INLEIDEND	3
1.	DOEL	3
2.	VERKIESING EN SAMESTELLING VAN DIE KOMITEE	4
3.	KWALIFIKASIES VIR DIE MEDIESE KOMITEE	4
4.	STEMREG	5
5.	LIDMAATSKAP EN PROSEDURE VAN REGISTRASIE	5
6.	REGISTRASIE EN ANDER GELDE	6
7.	GRADERING	6
8.	BEVOEGDHEDE	6
9.	TUGSTAPPE	7
10.	VERGADERINGS	7
11.	KWORUM	7
12.	RIGLEMENT	8
13.	PLIGTE VAN LEDE VAN DIE MEDIESE KOMITEE	8
14.	LYS VAN MINIMUM INHOUD VAN NOODHULPTAS	10

INLEIDEND:

HIERDIE REËLS, WAAR VAN TOEPASSING, IS ONDERGESKIK AAN DIE VOLGENDE:

1. FILA mediese regulasies
2. IOK Regulasies mbt Dwelmvrye Sport
3. WADA internasionale standaard lys van verbode middels
4. Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport riglyne vir gebruik van verbode middels
5. RSA wetgewing mbt dwelmvrye sport (Wet 14 van 1997) soos gewysig -Aanhangsel 6
6. NOKSA regulasies mbt dwelmvrye sport
7. SASF Mediese reëls en Grondwet

Waar die NGS mediese reëls teenstrydig is met enige van die bogenoemde hiërargiese dokumentasie, sal bogenoemde geldig wees.

ARTIKEL 1: DOEL

- 1.1 Om streng volgens die bepalings van die Vereniging se Grondwet, maar in oorleg met die SASF se Grondwet en mediese bepalings te funksioneer om sodoende veilige stoei te verseker.
- 1.2 Om in samewerking met die SASF mediese kursusse vir mediese beamptes aan te bied met die uitsluitlike doel om die opleiding en kwalifikasie van mediese beamptes te standardiseer en te verseker.
- 1.3 Om inweegmedies te behartig en matmediese ondersteuning tydens toernooie te koördineer.
- 1.4 Om te verseker en toe te sien dat die geaffilieerde stoeiklubs van die Vereniging die nodige veiligheidsmaatreëls en noodhulptoerusting ten alle tye tydens alle klubaktiwiteite, oefeninge en kompetisies beskikbaar het. Dit sluit onder andere in: die nodige noodnommers en 'n goed toegeruste noodhulptas.
- 1.5 Om NGS te ondersteun en 'n platform vir veilige en gesonde stoeideelname te verseker deur die nodige mediese voorsorgmaatreëls tydens inmeetmedies toe te pas.
- 1.6 Om te verseker dat stoeiers met gesondheids- en mediese risiko's, wat 'n gevaar vir ander stoeiers kan inhou, vroegtydig tydens inmeetmedies identifiseer word en nie toegelaat word om aan stoei aktiwiteite deel te neem nie.

- 7.4 Om te verseker dat stoeibeserings en mediese trauma tydens wedstryde professioneel en effektief hanteer word om sodoende die veiligheid van die deelnemende stoeiers te verseker.

ARTIKEL 2: VERKIESING EN SAMESTELLING VAN DIE KOMITEE

- 2.1 Die Mediese Komitee word jaarliks verkies, tydens die Algemene Jaarvergadering van mediese beamptes (wat voor die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging moet plaasvind). Die geregistreerde mediese beamptes van die Vereniging en wat by die Algemene Jaarvergadering teenwoordig is, is verantwoordelik vir die verkiesing.
- 2.2 Die Mediese Komitee sal bestaan uit:
- 2.2.1 Voorsitter
 - 2.2.2 Vise –Voorsitter
 - 2.2.3 Sekretaris
 - 2.2.4 'n Mediese beampte van elke stoei klub onder NG geaffilieer
 - 2.2.5 Die Voorsitter van 'n NGS geaffilieerde stoei klub, indien die klub nie 'n mediese beampte kan aanwys nie

ARTIKEL 3: KWALIFIKASIES VIR DIE MEDIESE KOMITEE

- 3.1 Om tot die Mediese Komitee verkies te kan word, moet die persoon 'n aktiewe mediese beampte van 'n geaffilieerde NG stoei klub wees.
- 3.2 Verwante mediese kwalifikasies en diplomas in noodhulp word sterk aanbeveel maar is nie 'n kwalifiserende vereiste nie, aangesien die bywoning van jaarlikse SASF geakkrediteerde mediese kursusse verpligtend is en dienooreenkomstig opleiding sal verskaf.
- 3.3 Mediese beamptes sal deur die Voorsitter van die Mediese Komitee ingedeel word, volgens hulle kwalifikasies om te assisteer tydens inmeetmedies. So bv. kan die minder ervare beamptes gebruik word om administratiewe take te verrig om sodoende op standaard te kom met die inmeetmediese prosedures en verpligtinge.
- 3.4 Om as Voorsitter verkies te kan word, moet 'n mediese beampte reeds ten minste een jaar op die Vereeniging se Mediese Komitee gedien het, behalwe in gevalle waar die persoon d.m.v. konsensus aanvaar word en deur die Uitvoerende Bestuur bekragtig word.
- 3.5 Die genomineerde lid moet ten minste 75% van die Vereniging se aangeleenthede gedurende die jaar aktief bygewoon het. Skriftelike verzoë vir die verslapping van hierdie vereiste kan in uitsonderlike gevalle oorweeg en aanvaar word.
- 3.6 Skriftelike nominasies vir die Mediese Komitee moet minstens dertig (30) dae voor die Jaarvergadering van mediese beamptes, deur stoei klubs, by die Sekretaris van die Vereniging ingedien word.

- 3.5 Persone wat onder skorsing is, of 'n opgeskorte vonnis uitdien, sal nie kwalifiseer om genomineer te word vir die Mediese Komitee nie.
- 3.6 Die Uitvoerende Bestuur kan 'n mediese beamptes, wat kwalifiseer, maar nie deur 'n stoeiklub genomineer is nie, op die lys van genomineerdes plaas. Sodanige genomineerde mag dus as lid van die Mediese Komitee verkies word.
- 3.8 Die verkose Mediese Komitee word aan die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging, vir kennisname voorgelê.
- 3.9 Indien 'n vakature vir die Voorsitter van die Mediese Komitee ontstaan, word dit gevul deur middel van 'n verkiesing tydens 'n Spesiale Algemene Vergadering van die mediese beamptes. Sodanige vergadering word deur die waarnemende Ondervoorsitter van die Mediese Komitee vir hierdie doel belê.
- 3.10 Die Mediese Komitee sal ten alle tye streng onderhewig wees aan die etiese gedragskode wat respek teenoor mensdom, mekaar en die totale multidisiplinere mediese span, insluit. Die Mediese Komitee moet ten alle tye in die beste belang van alle stoeiers optree.
- 3.11 Dit is nie deel van die lede van die Mediese Komitee se verpligtinge om te diagnoseer nie en is onderworpe aan die uitspraak, diagnose en prognose van 'n mediese praktisyn of spesialis.
- 3.12 Die Mediese Komitee mag wel navraag rig rakende die diagnose en prognose van die mediese praktisyn of spesialis.

ARTIKEL 4: STEMREG

- 4.1 Alle aktiewe geregistreerde mediese beamptes is stemgeregtig.
- 4.2 Indien meer as een kandidaat vir dieselfde pos genomineer is, sal stemming per geheime stembrief geskied.

ARTIKEL 5: LIDMAATSKAP EN PROSEDURE VAN REGISTRASIE

- 5.1 Lidmaatskap van die Mediese Komitee is beperk tot lede wat 16 jaar en ouer, by NGS geregistreer-, en permanent in die RSA woonagtig is.
- 5.2 Bewys van registrasie en lidmaatskap van die mediese beampte by 'n ander Stoeivereniging, kan as erkenning oorweeg en aanvaar word indien sodanige mediese beampte, wat sy Vereniging verlaat, direk by NGS Mediese Komitee wil aansluit.

ARTIKEL 6: REGISTRASIE EN ANDER GELDE

- 6.1 Die heffing van registrasie- en ander gelde word van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging bepaal. Aanbevelings in die verband kan deur die Mediese Komitee voorgelê word.

ARTIKEL 7: GRADERING

- 7.1 Aan kandidate wat die kursusse, soos voorgeskryf deur SASF Medies, bywoon en aflê, kan die titel van Noord-Gauteng mediese beampte in die volgende kategorieë toegeken word:
- a. Leerling “LL”
 - b. Provinsiaal “3”
 - c. Provinsiaal “2”
 - d. Provinsiaal “1”

ARTIKEL 8. BEVOEGDHEDE:

- 8.1 Slegs die Mediese Komitee kan mediese beamptes registreer nadat die geaffilieerde klubs bevoegde persone genomineer het, of in oorleg met die Uitvoerende bestuur so besluit het.
- 8.2 Die Voorsitter van die Mediese Komitee kan in oorleg met die Mediese Komitee klagtes hanteer rakende onprofessionele- of risiko gedrag van stoeiers, beamptes, ouers en mede mediese personeel wat:
- a. die gesondheid van die stoeier / pasient kan benadeel
 - b. die mediese identiteit en bevoegdheid van mediese personeel benadeel
- deur by erkende professionele gesondheidsliggame soos die HPCSA (Health Professional Council of South Africa) of sub rade 'n klagte aanhangig te maak.
- 8.3 Die Mediese Komitee lê die name van mediese beamptes wat vir Noord-Gauteng kleure en erekleure kwalifiseer, vir goedkeuring aan die Uitvoerende Bestuur voor.

ARTIKEL 9. TUGSTAPPE

- 9.1 Die Voorsitter van die Mediese Komitee, in oorleg met die Mediese Komitee, het die bevoegdheid om in die volgende gevalle teen Mediese beamptes op te tree, en waar nodig, aanbevelings te maak vir die skraping, skorsing of ander stappe wat nodig geag mag word:
- 9.1.1 'n Mediese beampte wat hom skuldig maak aan gedrag strydig met die doelstelling van die SASF of NGS.
- 9.1.2 'n Mediese beampte wat deur sy gedrag die aansien van mediese beamptes benadeel.
- 9.1.3 'n Mediese beampte wat neerhalende aanmerkings maak, skreeu of adviseur tydens enige stoeibyeenkoms.
- 9.1.4 'n Mediese beampte wat as gevolg van alkoholiese drank, ander afhanklikheids- vormende stowwe of enige ander middel wat hy gebruik het, 'n verleentheid vir stoei kan wees, of die reputasie daarvan benadeel.
- 9.1.5 'n Mediese beampte teen wie tugstappe geneem is, het die reg tot appél na die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging.

ARTIKEL 10: VERGADERINGS

- 10.1 'n Vergadering van die Medies Komitee mag deur die Voorsitter van die Mediese Komitee belê word, wanneer dit nodig mag wees.
- 10.2 Die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging kan opdrag aan die Mediese Komitee gee om 'n vergadering vir 'n besondere doel te belê.

ARTIKEL 11: KWORUM

- 11.1 'n Kworum by enige vergadering van die Mediese Komitee sal die helfte van die lede plus een (1) wees.

ARTIKEL 12: REGLEMENT

- 12.1 Alle mediese beamptes en lede van die komitee is ten alle tye onderworpe aan die voorskrifte van hierdie Reglement.
- 12.2 Hierdie Reglement kan slegs gewysig word deur 'n voorstel vanaf die Uitvoerende Bestuur en 'n twee derde meerderheid stemme op die Algemene Bestuur van NGS behalwe waar die reglement in stryd is met die Grondwet in welke geval die reglement so spoedig moontlik dienoooreenkomstig reggestel moet word.
- 12.3 Voorstelle vir die wysiging van die Reglement moet skriftelik gerig word aan die Mediese Komitee, wat sodanige voorstelle sal ondersoek en aanbevelings in verband daarmee aan die Uitvoerende Bestuur sal voorlê.
- 12.4 Lede van die Uitvoerende Bestuur van NGS, lede van die Mediese Komitee en elke stoeiklub in die Vereniging ontvang 'n afskrif van hierdie Reglement.
- 12.5 Indien reëls en voorskrifte in hierdie Reglement strydig is met reëls en voorskrifte van die Grondwet van die SASF of NGS, dan geld die reëls en voorskrifte van die Grondwet van die SASF of van NGS.

ARTIKEL 13: PLIGTE VAN LEDE VAN DIE MEDIESE KOMITEE

13.1 ALGEMENE PLIGTE

Die Mediese Komitee met sy lede is saam verantwoordelik vir die uitvoering en nakoming van aksies om veilige stoei en die veiligheid van die stoeiers te verseker, volgens die vereistes van die SASF Grondwet, die NGS Grondwet en die Reglement van die Mediese Komitee wat die vereistes rakende bloedprotokol en verbode middels insluit.

13.2 SPESIFIEKE TAKE VAN DIE LEDE VAN DIE MEDIESE KOMITEE:

13.2.1 Voorsitter:

- Bevestig verkose en mees suksesvolle metode van kommunikasie en bestuur van die Mediese Komitee vir die betrokke jaar en kommunikeer die besluit aan die Uitvoerende Bestuur en mediese komitee.
- Besluit in oorleg met Mediese komitee op die mees toepaslike ondersteunende diens vir matstoei
- Verseker dat mediese bloedprotokol gevolg word en alle ondersoeke met mediese hanskoene geskied
- Taak lede van die Mediese Komitee

- Bevestig mediese beamptes vir inmeetmedies van betrokke toernooie
- Bevestig matmedies ondersteuning (insluitend ambulans dienste) vir die betrokke toernooie
- Skakel met Voorsitter SASF Medies
- Verseker dat verantwoordlikhede van die Mediese Komitee uitgevoer word
- Verskaf die voltooide mediese toernooiodokumentasie en verslae aan SASF, soos deur hulle neergelê.
- Oorsien mediese reëlings in oorleg met Mediese Komitee by betrokke toernooie
- Sien toe dat die klubmediese beamptes bewus is van die die mediese protokolle en dat dit nagekom word, veral ten opsigte van die noodhulptas en minimum voorraad en toerusting wat in die tas moet wees.
- Lewer verslag aan die Uitvoerende Bestuur ten opsigte van:
 - Vordering met die uitvoering van take van lede van die Mediese Komitee
 - Rapporteer op gebeure en insiatiewe met betrekking tot die Mediese Komitee
 - Kommunikasie met verteenwoordigers van klubs en beamptes
 - Risiko's, ernstige beserings indien enige.
- Bevestig en bekragtig besluite met die Uitvoerende Bestuur waar nodig.
- Doen verslag oor die standaard/nakoming van mediese reëls tydens toernooie van klubs.
- Neem die nodige aksie om vakante poste te vul.
- Behartig die aankope en instandhouding van die nodige mediese toerusting vir die noodhulp tas van die Vereniging bv. handskoene, verbande ens.
- Sorg dat 'n goed toegeruste mediese tas beskikbaar is tydens nasionale oefeninge.
- Sien toe dat die diensdoenende mediese personeel korrek geklee is en voorsien is van 'n uitkenbare neon baadjie.
- Verleen hulp aan klubs rakende mediese aangeleenthede, indien nodig.

13.2.2 Vise-voorsitter:

- Behartig take van die Voorsitter in sy / haar afwesigheid
- Staan die voorsitter by met take soos benodig en deur die voorsitter gedeligeer

13.2.3 Sekretaris

- Stel 'n kalender saam vir mediese beampte aktiwiteite en hou die kalender in stand
- Tref reëlings waar nodig ten opsigte van toernooimediese vereistes
- Hou notules van vergaderings waar nodig en van toepassing
- Hou rekords van mediese administrasie en assisteer met die verslag na SASF Medies en NGS Uitvoerende Bestuur.
- Hou 'n register van mediese beampte optredes tydens toernooie vir die jaar.

- Korrespondensie met klubstrukture en alle geregistreerde lede waar en wanneer nodig.

13.2.4 Mediese beamptes

- Assisteer met inmeetmedies soos vereis deur NGS en SASF Grondwet
- Inmeetmediese fisieke ondersoek van stoeiers vir goedkeuring van gesonde stoeiers vir matstoei
- Inmeetmediese fisieke ondersoek van stoeiers vir afkeuring van stoeiers wat 'n gesondheids risiko tydens wedstryde inhou.
- Invul van mediese vorms vir die goedkeuring en toeplak van goedgekeurde velletsels
- Invul van mediese vorms vir die afkeuring van velletsels wat 'n gesondheidsrisiko tydens wedstryde kan inhou
- Invul van mediese TUE vorms vir toelaatbare medikasie bv asthma pompie.
- Verseker dat die geaffilieerde klubs die mediese protokol ten opsigte van die inhoud van die noodhulptas en minimum voorraad wat in die tas moet wees, nakom.

ARTIKEL 14. LYS VAN MINIMUM INHOUD VAN NOODHULPTAS

- Wondreiner (ontsmettingsmiddel)
- Deppers vir wondskoonmaak
- Watte (100 gm)
- Steriele gaas (minimum hoeveelheid 10)
- 1 tangetjie (forceps) vir verwydering van klein voorwerpe
- 1 skêr (minimum grootte 100mm)
- 1 pakkie hakspelde
- driehoeksverbande
- drukverbande (rolverbande) – 75 mm x 5
- 1 rol kleefverband (pleister) – 25 mm x 3 m
- 1 hipo-allergiese kleefband (pleister) – 25 mm x 3 m
- 1 pak individuele kleefpleisters (“Band Aid” tipe)
- steriele eerstehulp verbande – 75 mm x 100 mm
- steriele eerstehulp verbande – 150 mmx 200 mm
- stelle spalke (ambulans standaard – 2x 1m & 2x 400mm)
- pare groot en 2 pare medium weggooibare handskoene (minimum)
- 2 mond-tot-mond asemhalingsmondstukkies
- nekstutte van verskillende groottes (disposable semi-rigid neck cervical collars)
- 1 groot spinale traumabord + harnas
- 1 klein spinale traumaboard + harnas
- Neusplugs
- Bloedstollingsmedikasie (bv “Friars Balsam”) vir neusplugs ipv Staaldruppels
- “Opsite” tipe wondbedekkings in verskillende groottes